NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK IN SUID-AFRIKA
Saakgelastigde: **Ds AH Minnaar** **PBO: 9300 13251**
De Langestraat 5 Privaatsak X8 021 957 7104
BELLVILLE BELLVILLE bossie@kaapkerk.co.za
7530 7535 www.kaapkerkadmin.co.za

26 Februarie 2020

OMSENDBRIEF AAN PREDIKANTE EN SKRIBAS
VOERTUIG- EN VERVOERTOELAE – 2021 SE TABEL

Die Algemene Taakspan Fondse en Bates (ATFB) het aanbeveel dat kerkvergaderings vanaf 1 Maart 2018 die SAID se tabel vir die betrokke finansiële jaar gebruik. Die Sinodale Taakspan vir Finansies en Administrasie van die Wes-Kaap (STFA) steun hierdie voorstel en beveel dus aan dat gemeentes in die 2021 finansiële jaar die 2021 tabel gebruik (2021 = 1 Maart 2020 tot 28 Februarie 2021).

Die tabel vir 2021 (1 Maart 2020 tot 28 Februarie 2021) is op 26 Februarie 2020 bekend gemaak. Dit verteenwoordig 'n 10,3% styging in die 18 000 kilometer tabel. Sien SARS se webwerf vir detail: https://www.sars.gov.za Gaan na *Legal Counsel / Secondary Legislation / Income Tax Notices / Fixing of rate per kilometre*.

	2019 (01/03/2018-28/02/2019)	**2020 (01/03/2019-29/02/2020)**	**2021 (01/03/2020-28/02/2021)**
Waarde van voertuig tussen	170 001 en 255 000	170 001 en 255 000	190 001 en 285 000
Brandstofkoste (in sent)	116,0	116,0	128,3 sent
Onderhoudskoste (in sent)	47,5	47,5	51,6 sent
Loopkoste per kilometer (in sent)	**163,50**	**163,50**	**179,9 sent**
Loopkoste op **18 000 km** (in Rand)	29 430	29 430	R32 382
Jaarlikse vaste koste betaalbaar	72 983	72 983	R80 539
Motortoelaag op 18 000 km	102 413	102 413	R112 921
Motortoelaag per maand	8 535	8 535	**R9 410**

Onderstaande tabel wys die berekeninge vir groter en kleiner geagte kilometerafstande.

Aantal kilometer	**Vaste koste**	**R1,799 / km**	**Totaal**	**Maandeliks**
20 000 km	R80 539	R35 980	R116 519	R9 710
18 000 km	**R80 539**	**R32 382**	**R112 921**	**R9 410**
16 000 km	R80 539	R28 784	R109 323	R9 110
14 000 km	R80 539	R25 186	R105 725	R8 810
12 000 km	R80 539	R21 588	R102 127	R8 511

Vergoeding vir reiskoste na amptelike rings- en sinodale vergaderings (vir ontvangers van 'n vervoertoelaag) bly **R2,50 per kilometer**, aangesien dit steeds beduidend meer is as die SAID se berekening van R1,80 per kilometer. Reiskoste vir lede wat nie 'n vervoertoelaag ontvang nie, bly steeds **R3,00 per kilometer**. Werkgewers wat nie die vaste koste wil betaal nie, kan vanaf 1 Maart 2020 tot R3,98 per kilometer aan werknemers betaal sonder om belasting daarvoor af te trek.